

Veeskool weer hoogtepunt op landboukalender

Die LRF-Veeskool by Aldam word weer van 12 tot 14 Oktober deur die Lewendehawe-registrerende Federasie (LRF) naby Ventersburg aangebied. Dit is 'n unieke, jaarlikse geleentheid waar veeboere die jongste inligting oor 'n verskeidenheid produksie-aspekte kry om winsgewendheid oor die hele waardeketting te bevorder.

Vooraanstaande, internasionale en plaaslike sprekers word elke jaar genooi om hul kennis op die LRF-Veeskool oor te dra. Baie deelnemers het oor die jare aangedui dat hulle waardevolle idees huis toe gevat het om onder hul omstandighede toe te pas. As produsente op die voorpunt van ontwikkeling in die veebedryf wil bly, bied die Veeskool beslis die geleentheid.

WINSGEWENDE KOEIKUDDE

Vanjaar se tema is “Hoe om 'n winsgewende koeikudde te bou”. Die koeikudde is elke beesboer se “fabriek” en moet so winsgewend moontlik en met die minste moontlike onderhoudsbehoefte bestuur word.

Op die eerste dag konsentreer die Veeskool op basiese beginsels van suksesvolle veeboerdery as geheel, en dra ook basiese, praktiese bestuursaspekte oor. Deelnemers kan net vir die eerste dag registreer of vir al drie dae. Die program is op bl. 62.

Aldam bied verblyfs- en ander geriewe vir skakeling tussen produsente, sprekers, deskundiges, insetverskaffers, wetenskaplikes en owerheidsvertegenwoordigers aan. Hierdie netwerkgeleent-

heid en uitruil van gedagtes is een van die belangrikste aspekte om sukses te bevorder.

MICHAEL BRADFIELD

Dit is die eerste jaar dat die Veeskool sonder die staatsmaker en innoveerder dr. Michael Bradfield plaasvind. Hy is vroeër vanjaar aan kanker oorlede. Bradfield het 'n reuse-bydrae tot die bevordering van die veebedryf in Suider-Afrika gelewer en was die persoon agter die ontstaan van die Veeskool.

Hy het toekomsvisie gehad, was 'n motiveerder, het die gawe gehad om mense om hom te inspireer en het die veebedryf na nuwe hoogtes gelei. Die LRF het die verantwoordelikheid aanvaar om op sy nalatenskap voort te bou.

Bradfield het internasionale erkenning vir sy bydrae tot die bevordering van die veebedryf gekry. Hy het ook Wêreldbank-projekte in Ethiopië, Soedan, Pakistan en ander lande behartig.

Die Australiese navorsingsinstituut Agricultural Business Research Institute (ABRI) wat die Breedplan-stelsel ontwikkel het, het 'n spesiale beurs vir nagraadse studente, The Michael J. Bradfield Memorial Scholarship, aan hom toegewy en



Mnr. Mecki Schneider



Dr. Mario Beffa

beskikbaar gestel vir navorsing in teelateriaal.

SUIDER-AFRIKA VAT HANDE

Die beesbedryf in Suider-Afrika werk saam sodat boere inligting oor die jongste metodes in moderne beesboerdery kan bekom. Dit hou hulle op koers in hul strewe na groter winsgewendheid en volhoubaarheid.

Dr. Mario Beffa, bestuurder van die Zimbabwe Herd Book, sê die organisasie het Breed-

plan in 2010 onder leiding van Bradfield as die diensverskaffer van al sy telersgenootskappe aanvaar.

Danksy hierdie verhouding met Bradfield het talle Zimbabweërs in 2010 en 2011 die Veeskool bygewoon. Daarna het 'n Zimbabweese weergawe, die Zimbabwe Beef School, met Bradfield se steun in 2012 'n week ná Suid-Afrika se Veeskool plaasgevind. Internasionale, streeks- en plaaslike sprekers het hul kennis aan die boere oorgedra. Bradfield het dit self verskeie kere bygewoon.

Die Zimbabwe Beef School is nou 'n jaarlikse instelling en is in 2020 aanlyn saam met die Veeskool gehou.

Die staatsmaker-borge van die Veeskool, asook nuwe borge, het weer hul toewyding bewys deur dit finansiële te dra. Só lewer hulle 'n belangrike bydrae om veeboerdery-inligting aan die boerderysektor oor te dra. Ons dank ook aan *Landbouweekblad* wat as mediaborg dien. Kontak me. Charmainé Alberts oor die kostestruktuur en besprekingsprosedure by **082 922 3747** of **palberts@telkomsa.net**. **LBW**

Mnr. Mecki Schneider is voorsitter van die LRF.